# BOEKBESPREKING.

**Greyling, E: „Ek en my kind".** Sondagskool-Boekhandel, posbus 396, Bloemfontein, s.j. (1953?). 149 bll.

Met hierdie boek voltooi dr. Greyling sy reeks van drie boeke oor die godsdiensonderwys. Godsdiensonderwys in die kerk (1952) en in die skool (1946) vorm die ander twee. Hierdie werkie dra dan ook as onderskrif: Godsdiensonderwys in die huisgesin.

Terwyl die ander twee boeke lywig en betreklik streng wetenskaplik en in vrywel wetenskaplike taal en styl geskryf is—hulle is boeke vir die geleerde: predikant en onderwyser—, is hierdie boek geskryf vir ouers. Dit is korter, nie swaar van opset nie, in 'n gesellige en intieme taal en styl geskryf. Dit sal dan ook sy doel tref. Dr. Greyling besit uitnemende gawes om vir die gelowige ouer te skryf: dit is geen neerbuiging na die ongeleerde nie maar 'n pyl-reguit gesels met medegelowige ouers.

Dit is m.i. een van die werklike mooi en waardevolle boeke vir die Afrikanerouers. Hulle soek na goeie boeke oor huislike opvoeding. Hier het hulle nou een wat waar, goed en mooi is: deur en deur gereformeerd.

Onderwerpe wat hierin behandel word, sluit in o.a.: die verbondsbelofte, doel, vertelling, binnekamergodsdiens, huisgodsdiens, boekevat. die lied, tafelgebed, gesprekke met ons kinders, Sondae, ouer as godsdiensonderwyser, opvoedkundige wenke, Christelike lewenstoon, gesag. Wat wil die gelowige ouer meer hê?

Ons is dankbaar dat die Here hierdie dienskneg van hom die krag en wysheid gegee het om hierdie groot werk tot Sy eer te vooltooi.

J. CHR. COETZEE.

---

H. C. J. Duijker, J.-H. van der Hoop, A. J. Westerman Holstijn, T. T. ten Have: **Gelijkheid en Ongelijkheid bij de Mensen;** Van Gorcum en Comp. N.V., Assen, 1952, 108 bladsye, prys 3.50 gulden.

Hierdie werk bestaan uit vyf voor-

dragte, wat die kernprogram vorm van die Studium Generale 1949-1950 van die Universiteit van Amsterdam. Die Studium Generale is vir alle studente bedoel, om 'n breër kennis as bloot hul vakstudie, op te doen oor belangrike onderwerpe, wat vir elke toekomstige leier nodig sal wees. Belangrike kennis in hierdie verband is kennis van die mens self, met al sy persoonlikheidsprobleme in wisselwerking met die omgewing. Die omgewing is verantwoordelik vir al die prikkels wat op die mens, met al sy vermoëns, gevoelens en strewings, inwerk waardeur hy bepaalde houdings toegedaan word en tot sekere handelings oor gaan. In hierdie voordragte word op 'n duidelike en wetenskaplike wyse op die magtige omgewingsinvloede gewys. Dit behels die volgende: **Duijker**—Gelijkheid en ongelijkheid; **v.d. Hoop**—Het typologische en het phenomenologische gezichtspunt; **Westerman Holstijn**—Gelijkheid en ongelijkheid bij de mens beschouwd van ontwikkelingspsychologisch standpunt; **ten Have**—Psychologische gelijkheid en ongelijkheid vanuit personologisch gezichtspunt; **v.d. Hoop**—De betekenis der psychologie voor mens en gemeenschap.

Hierdie voordragte is deur vakmanne gelewer, wat 'n diepgaande studie van die verskillende probleme gemaak het.

Vir almal wat hierin belangstel, sowel vir die psigoloog, sal hierdie versamelwerk veel bied.

J. M. HATTINGH.

---

Dr. H. S. Pretorius: **Die Kerknaam** (antwoord aan ds. Joh. Dreyer en prof. dr. S. P. Engelbrecht). Uitgegee deur die skrywer; verkrybaar by die Kerkboekhandels, Posbus 245, Pretoria en Posbus 1045 Kaapstad; prys 1/- per eksemplaar en £4/10/- vir 100 eksemplare, 20 blse.

In hierdie pamflet vind ons 'n voortsetting van die stryd oor die Kerknaam. Die skrywer dien daarin ds. Joh. Dreyer van antwoord en probeer met dokumentêre bewyse die bewering dat die kerk in Transvaal die naam gedra het van Ned. Herv. Kerk, te weerlê. Vir diegene wat op hoogte is met die strydpunt, bied die werkie nie veel nuwe lig nie; vir diegene wat die debat gevolg het sal dit seker van belang wees om die argumente van die skrywer te lees. Dit is jammer dat die stryd met bitterheid gepaard gaan.

J.P.J.

---

Dr. E. H. Palmer: **Scheeben's Doctrine of Divine Adoption.** Akademiese Proefskrif, Uitg. J. H. Kok, Kampen. (Geen prys word vermeld nie).

Met hierdie proefskrif het Dr. E. H. Palmer aan die V.U. Amsterdam gepromoveer onder Prof. Berkouwer as promotor. Dit handel oor M. J. Scheeben se opvatting van aanneming tot kinders van God (adopsie). Grabmann noem Scheeben die grootste dogmatikus van die 19de eeu van Roomse kant. Sy vernaamste werke is sy **Dogmatik, Natur und Gnade, Die Herrlichkeiten der göttlichen Gnade, Mysterien des Christentums.** Met Th. Granderath was Scheeben in 'n heftige stryd gewikkel vir vyf jaar lank oor die formele oorsaak van adopsie. Scheeben beroep hom op 1 Joh. 3: 1: „Kyk wat 'n liefde die Vader aan ons betoon het dat ons kinders van God genoem kan word". En in vs. 2: „nou is ons kinders van God". Op grond waarvan? Die meeste Roomse teoloë is tevrede dat die grond die ingestorte genade is (gratia infusa). Onder genade verstaan die Roomse Kerk nie die vrye guns van God, waardeur Hy die

sondes vergewe nie, maar Rome dink daarby allereers aan 'n kwaliteit wat die mens ingegiet is, waardeur hy die goddelike natuur deelagtig word.

Scheeben beweer dat hierdie ingestorte genade nie genoegsaam is vir adopsie nie. Die inwerking van die Heilige Gees moet daarby kom, maar sy genadebegrip self is ontologies. Hierdie inwoning van die Heilige Gees vat hy, soos die Griekse kerkvaders, misties-organies op. Scheeben het getoon dat hy nog 'n egte Rooms-Katoliek is, wat vir sy bewysgronde veral 'n beroep doen op die tradisie, die Griekse kerkvaders, die Skolastiek, Trente ens.

Dr. Palmer het in hierdie proefskrif getoon dat hy 'n deeglike apologeet is. Met waardering neem hy kennis van Scheeben se standpunt dat Rome se ingestorte, heiligende genade nie genog is om tot kinders van God aangeneem te word nie. Hy het Rome gedwing om meer aandag aan die leerstuk van die Heilige Gees te gee.

Die gereformeerde standpunt word hier deur dr. Palmer gehandhaaf. Ons het by adopsie met die regverdigmaking te doen. Die eerste deel daarvan is die vergewing van sondes waarby die wedergeboorte onmisbaar is. Die tweede deel van die regverdigmaking is die toekenning van die reg op die ewige lewe. Dit word ook genoem „die aanneming tot kinders". Maar dan mag ons Christus hier nie weglaat nie. Die aanneming tot kinders is in juridiese sin tog deur Christus verwerf en ons neem dit deur die geloof aan (Gal. 4: 5). Volgens Scheeben is Christus nie nodig vir adopsie nie.

Volgens hierdie proefskrif is ons weer daarvan oortuig dat Rome in sy opvating van die genade van adopsie onderling onder mekaar verskil. Rome is nie so 'n hegte eenheid as wat ons soms vir ons voorstel nie.

Ons wil dr. Palmer gelukwens met hierdie proefskrif. Hy het baie ingewikkelde stof behandel en dit op 'n duidelik verstaanbare wyse. Ons vertrou dat sy proefskrif in wyer kringe die aandag sal geniet.

P.J.S. de K.

---

Dr. J. H. Kroeze: **Die Hooglied.** Pro Rege Pers Beperk, Potchefstroom. 110 bll., prys 7/6. (nr. 1 van „Ons Gesinsbiblioteek".

Met hierdie boekie word 'n belangrike reeks ingelui: **Ons gesinsbiblioteek.** Ons wil hoop en vertrou dat dit tot veel seën vir ons volk sal strek. Nader besonderhede kan by Pro Rege Pers verkry word.

Die reeks begin op 'n waardige wyse met hierdie boekie. Dit bevat die artikels wat prof. Kroeze in **Die Kerkblad** oor die moeilike maar skone **Hooglied** geskryf het. Op 'n eenvoudige wyse word die leser ingelei in die vraagstukke wat daar in verband met hierdie boek bestaan en word hy deur die boek gelei. Die skrywer toon ook telkens aan wat die boek vir die Nuwe-Testamentiese gemeente beteken. Dit is in vloeiende Afrikaans geskrywe en netjies uitgevoer. Ons hoef 'n werk van prof. Kroeze nie aan te beveel nie. Hier is nou 'n mooi geleentheid om ons Christelike huisbiblioteek uit te brei.

S.d.T.

---

Dr. D. Langedijk: **Leerboek der Bijbelse Gesohiedenis (voor scholen voor voortgezet onderwijs).** Kok, Kampen, 1952. (Het Oude Testament). 148 bll. 3.95 gulden (gebonde).

Die skrywer gee 'n kort samevatting van die Bybelse Geskiedenis. Dit is dus bedoel vir hulle wat reeds kennis van die Bybel het. Heelwat kaarte en ske-

mas maak dit gemakliker om die stof te onthou. Ook is daar 'n aantal mooi afbeeldinge van die tempel van Salomo ens.

Die boekie is handig as 'n repeteerboek. Graag aanbeveel.

S.d.T.

---

Dr. Th. C. Vriezen: **Het Oude Testament.** Serie: De Bijbel—een serie leerboeken voor Voorbereidend Hoger en Middelbaar Onderwijs. Wolters, Groningen, 1953. 176 bl. Gebonde 3.90 gulden.

Hierdie boek wil ongeveer dieselfde doel dien as die van dr. Langedijk. Waar dr. Langedijk egter blykbaar die saak van Gereformeerde kant sien, is dr. Vriezen lid van die Hervormde Kerk in Nederland.

Doel van die boeke is om die inhoud van die O.T. so te behandel dat die element van die verkondiging duidelik uitkom. Daarom is gebreek met die gedagte dat 'n leerboek soos hierdie soveel moontlik name en feite moet gee; dit wil meer 'n inleiding in die Bybel as geestelike boek, as Woord van God, wees as 'n oorsig van die Bybelse Geskiedenis. Veral met die oog hierop word in die eerste vier hoofstukke **die agtergrond** van die O.T. beskryf.

Toe ons die boekie ter hand geneem het, het ons gewonder hoe dr. Vriezen die kritiese kwessies sal hanteer. Merkwaardigerwys sal 'n mens daarvan nie veel agterkom as jy nie self op hoogte met die kwessies is nie. Die Bybelse geskiedenis word eenvoudig netso vertel as wat dit in die Bybel staan. Iemand wat bekend is met die teologiese werke van dr. Vriezen kan byna nie glo dat hy met dieselfde skrywer te doen het nie. Tog moet ons erken dat daar 'n hele aantal vraagtekens staan. Ons vind dit jammer dat ons nie op alle punte kan saamstem nie, want die boek is werklik baie waardevol en gee 'n massa feite wat gegrond is op die allernuutste ontdekkinge. In die laaste tyd bemerk 'n mens oor die algemeen by Hervormde skrywers in Nederland 'n meer behoudende standpunt ten opsigte van die Bybel as vroeër. Vir iemand wat met „oordeel des onderskeids" kan lees wil ons die werk graag aanbeveel.

S.d.T.

---

Ds. H. J. Spier: **Karl Barth, profeet of ketter?** Van Keulen, Delft, 1952. 110 bll., 2.60 gulden (gebonde).

'n Baie handige boekie vir iemand wat 'n kort oorsig oor die leer van Karl Barth wil insien. Die skrywer is oortuig dat die belangrikheid van Barth nog steeds toeneem. Die groot vraag is: moet hy beskou word as leier of as verleier van die Christendom? Ds. Spier probeer om eerlik na Barth te luister en het ten spyte van sy Skrifgefundeerde kritiek tog waardering vir die merkwaardige man. Ons het die werk met genot gelees en wil dit van harte aanbeveel.

S.d.T.

---

Strauss, H. J.: **Christelike Wetenskap.** Sacum, Bpk., Bloemfontein, 1953. 100 bll., 5/-.

Hierdie werkie van prof. Strauss moet nie gesien word as 'n streng wetenskaplike verhandeling oor die Christelike wetenskap nie. Die skrywer het dit nie so bedoel nie—hy dokumenteer nergens nie en hy gee ook geen bronnelys of lys van geraadpleegde werke nie.

Dit is 'n werkie met 'n warm oortuiging en met 'n duidelike oogpunt: dit roep ons op 'n gloeiende, oortuigende taal tot die aanbinding van die

stryd om die Christelike wetenskap. Dit is besonder goed ingerig. Na 'n mooi Inleiding volg hoofstukke oor skepping en wetenskap, verskeidenheid en eenheid in Gods werke, die taak van die wetenskap, die humanisme ene verwarring, handhawing deur God van sy werke, Christelike volkslewe. Die skrywer wil alles skerp onder die aandag bring. Vir die doel skryf hy nie alleen baie warm nie maar gebruik hy ook afwisseling in die lettertipe: swart en skuins druk loop dwarsdeur die 100 bladsye.

Die standpunt van die skrywer is suiwer Calvinisties, maar hier en daar is daar heelwat oorbeklemtoning en ook oordrewe veroordeling. Toestande op onderwysgebied is darem werklik nie so donker as wat prof. Strauss dink en sê nie. As hy 50 jaar gelede skool gegaan het, sou hy nou met meer waardering melding gemaak het van ons vordering. Ek dink veral aan die deursuring van ons C.N.O.-beginsel in laer, middelbare en hoër onderwys. Die grootste persentasie van ons laer en middelbare skole gee nog goeie C.N. onderwys. Op ons universiteite tree manne van Christelike oortuiging—getuie prof. Strauss se eie geskrifte—beslis en met krag op. Alles gaan wel nog nie na wens nie, maar daar is meer ligpunte as wat hy self sien. 'n Mens se kritiek moet ook aanmoedig sowel as aanspoor.

Dit is 'n boekie met 'n goeie boodskap: dit wek op tot roepingsbewustheid en tot handhawing.

J. CHR. COETZEE.

---

Ds. S. J. L. Marais: **Die Uitverkiesing.** Sacum Beperk, Bloemfontein, 224 bll. 10/-.

Ondergetekende het hierdie boek reeds as manuskrip gelees toe hy nog op die redaksiekommissie van Sacum was en het dadelik gevoel dat dit 'n werk is wat die lig moet sien. Die diepsinnige leerstuk van die uitverkiesing, die „hart van die kerk", word hier op 'n eenvoudige, heldere en suiwere wyse uiteengesit. Hoe het ons nie reeds gevorder nie! Gedurende 'n lang tyd was dit die gedagte van baie dat die groot verskil tussen die Ned. Geref. en die Geref. Kerk is dat die eersgenoemde nie die uitverkiesingsleer aanvaar nie en laasgenoemde wel. Natuurlik weet ons dat dit nie die offisiële standpunt van die N.G. Kerk is nie, maar die gedagte het tog by baie gewone lidmate posgevat. Hier het ons nou uit die pen van 'n leraar van die N.G. Kerk 'n werk wat sonder enige skroom die Skriftuurlike waarheid uiteensit. Wat moet dit nie vir ons volk beteken as 'n boek as hierdie in breë lae gelees—en ter harte geneem word! Hoeveel meer pit sal daar in ons volksiel wees!

Ds. Marais toon dat hy goed tuis is in die literatuur oor die onderwerp. Die druk is netjies en aantreklik en die eenvoudigste leser sal dit kan volg. Ons is die skrywer en die uitgewer baie dank verskuldig. As hierdie werk, en die ander wat ons hieronder aankondig, 'n belofte is van wat ons in die toekoms kan verwag, dan is die van ons wat aan die totstandkoming van Sacum meegewerk het, seker nie spyt daaroor nie. Graag sien ons hierdie werkie in die huis van elke Gereformeerde lidmaat.

S.d.T.

---

Dr. F. J. M. Potgieter: **Verlossing.** Sacum Beperk, Bloemfontein, 110 bll.

Hierdie werkie het as artikelreeks in **Die Kerkbode** verskyn gedurende die tweede helfte van die jaar 1941 onder die opskrif: **'n Eenvoudige uiteensetting van die heilsorde.** Dit is dan ook wat ons gebied word en as sodanig wek dit

dadelik ons belangstelling. Net soos ten opsigte van die uitverkiesing be-staan daar in ons land ook baie mis-vatting ten opsigte van die heilsorde. Prof. Potgieter bespreek na 'n **Inleiding** eers wat in die ewigheid gebeur het en daarna wat in die tyd gebeur het. Onder wat in die ewigheid gebeur het, val die Raad van God, die verbond van die verlossing, die predestinasie en die regverdigmaking. Onder wat in die tyd geskied met die vervulling van die voorwaarde vir regverdigmaking en die toepassing van die heilswelsdade (wedergeboorte, roeping, ens.) Ook hierdie werk wil ons van harte aanbeveel. Dit is gesond Skriftuurlik.

S.d.T.